Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 4. *Poppie – die drama* | 35 | 13 |
| | | |
| 5. *Paljas* | 35 | 16 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 6. "Die storie van Piet se Oupa" | 18 | 19 |
| **EN** | | |
| "Die pakkie" | 17 | 20 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 7. "Things that go bump in the night" | 17 | 22 |
| **EN** | | |
| "Wie's hy?" | 18 | 23 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## NASIENRIGLYNE

- As ʼn kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ʼn streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As ʼn kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ʼn spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As ʼn kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ʼn vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. ʼn Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking,verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien ʼn verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in (ʼn) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.
- By antwoorde met OF SOORTGELYK moet dit ʼn sinoniem vir die woorde/ antwoorde wees en nie bloot ʼn alternatiewe antwoord nie.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Die Bos is vol geheime.<br>• 'n Mens sal die Bos nooit heeltemal verstaan nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.2.1 | Kate (MacDonald) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.2.2 | • In Swellendam<br>• By oom Abraham Steyn se huis<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.3 | • MacDonald het gesê Saul se geld word gebruik vir sy pa-hulle se skuld./MacDonald het Saul se geld gebruik om sewe sjielings van Joram se skuld af te trek.<br>• MacDonald het die feit dat hy vir Saul kos en slaapplek gegee het as Saul se betaling gesien.<br>• MacDonald was suinig/onregverdig.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.4.1 | swaar hout uit te sleep | (1) | 5 |
| | | | |
| 1.4.2 | MacDonald …<br>• het gedink hy is beter as ander.<br>• het neergesien op mense.<br>• was onregverdig.<br>• was onsimpatiek.<br>• was onbillik.<br>• het net vir homself omgegee.<br>• was oneerlik.<br>• was onbeskof teenoor ander mense.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.5.1 | houtkopers | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.5.2 | houtkappers | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.5.3 | Bos | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.5.4 | gouddelwers | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.6 | Saul sou kon kla omdat hy …<br>• nie betaling vir sy werk gekry het nie/swak betaling ontvang het.<br>• diskriminasie ervaar het.<br>• nie goed behandel is nie.<br>• nie behoorlike kontrak (byvoordele) gehad nie.<br>• nie ʼn menswaardige blyplek gehad het nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 1.7 | Kate het …<br>• die twee jaar vir Saul draaglik gemaak./Saul laat uitsien na Sondae.<br>• vir Saul leer Engels praat/Engelse boeke geleen.<br>• Saul uitgevra oor die Bos/belanggestel in die Bos.<br>• Saul menswaardig laat voel/Saul nie soos ʼn slaaf laat voel nie/nie op Saul neergesien nie.<br>• Saul van die mense/Knysna/die buitewêreld vertel.<br>• Saul en Kate het gevoelens vir mekaar ontwikkel.<br>(Enige DRIE of soortgelyk. Kyk ook vanuit Saul se perspektief) | (3) | 2 |
| | | | |
| 1.8 | Saul sou …<br>• nooit by die goud uitgekom/ryk geword het nie.<br>• nooit losgekom het van die (skewe) sirkel nie.<br>• moes teruggaan Bos toe/nie huis gehad het nie.<br>• geen kontak met Kate kon hê nie.<br>• nie sy familie uiteindelik kon help nie/besigheid begin het nie/meubels leer maak het nie.<br>• nie Engels leer praat het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.9 | • Saul het gesê jy moes ryk wees/geld gehad het.<br>• Saul het gesê jy moes Engels wees.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.10 | (Ja.)<br>• Saul wou nie ʼn houtkapper wees nie.<br>• Saul wou nie die boom afkap nie.<br>• Saul het nie saamgestem met sy pa/die Bosmense se manier van dink/doen nie.<br>**OF**<br>(Nee.)<br>• Saul het net gesê wat hy dink/voel.<br>• Saul het dit nie as opstand gesien nie/net aan die waarheid geglo.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Saul se pa het hom kennis oor die Bos (hout te kap/hoe ʼn loerie maak) geleer. | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.11.2 | Saul se ma het hom (ge)leer lees (uit die Bybel)/leer skryf. | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.12 | hulle nog onseker oor die pad vorentoe was | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.13 | • MacDonald het die eienaar verbied om dit aan Saul te verkoop.<br>• MacDonald se invloed in die gemeenskap was te sterk.<br>• Niemand op Knysna wou grond aan Saul verkoop het nie.<br>• Knysna se besigheidsmense was bang dat Saul hulle besigheid sou afrokkel.<br>• MacDonald wou Saul weghê uit Knysna.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.14 | • Saul se liefde vir Oupoot.<br>• Saul se liefde vir die Bos.<br>• Saul wou nie die band met sy gesin verbreek het nie.<br>• Saul se sin vir regverdigheid/die waarheid.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 2 |
| | | | |
| 1.15.1 | • ʼn Nuwe kans/begin/ʼn beter lewe<br>• ʼn Eie besigheid<br>• ʼn Kans om homself te bewys<br>• ʼn Geleentheid om die houtkappers te help<br>• ʼn Geleentheid om die Bos te red<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.15.2 | Saul het …<br>• sy gesin eerste gestel/besluit om die minste te wees/aanhou omgegee het.<br>• nooit ophou probeer om hulle op te hef nie.<br>• van die beledigings/beskuldigings van die verlede vergeet/vergewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.16 | A/hart-broer | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.17 | C/Saul vir Jozef nodig gehad het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.18 | Saul en Kate …<br>• kon hulle liefde aan mekaar verklaar.<br>• het bymekaar uitgekom.<br>• kon toe saam ʼn lewe begin/kon saam die Bos beskerm.<br>• het vrede gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | C/Saul se pa het hom geslaan. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.19.2 | F/Saul is uit die biblioteek weggejaag. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.19.3 | A/Saul het leer delf. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.19.4 | B/Saul het leer meubels maak. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.19.5 | D/Saul het ŉ besige sosiale lewe gelei. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.20 | • Saul was hardwerkend/vasberade.<br>• Saul was eerlik.<br>• Saul was passievol oor meubels maak/bewaring van die Bos.<br>• Daar was ŉ aanvraag vir meubels.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.1 | stralende geluk | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.2 | • Hanna het ŉ vrugbare/goeie/lewendige verbeelding gehad.<br>• Hanna was van kleins af nuuskierig/het baie hoekom-vrae gevra.<br>(Of soortgelyk) | (2) | 2 |
| | | | |
| 2.3 | • Hanna se broers het in haar kamer gekrap sonder haar toestemming.<br>• Hulle het die gedig gelees wat sy geskryf het.<br>• Hulle het dele van haar gedig hardop gesê (om haar te terg).<br>(Enige TWEE feite) | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.4.1 | Hanna was …<br>• kwaad.<br>• geïrriteerd.<br>• ongeduldig.<br>• gefrustreerd.<br>• onverdraagsaam/katterig/ongeskik.<br>• onvriendelik.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.4.2 | • Ouer susters wil nie altyd deur jonger boeties gepla word nie.<br>• Ouer susters kan onvriendelik/ongeduldig teenoor jonger boeties wees.<br>• Tibo het Hanna geïrriteer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.5.1 | • Mana het besluit dat sy ʼn kind sonder ʼn man wou hê.<br>• Mana het besluit dat Tibo se pa ʼn proefbuis moes wees.<br>• Mana het besluit om haar kind oorsee te vervaardig.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.5.2 | • Dit is ongewoon om ʼn kind Ditjie te noem<br>• Ditjie is nie ʼn gewone naam nie.<br>• Dit is vreemd dat Mana nie vir haar baba ʼn naam wou gee wat aan ʼn geslag gekoppel was nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.6 | Mana/Haar ma | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.7.1 | Hanna | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.7.2 | • Hanna as verteller maak die verhaal persoonlik.<br>• Hanna se fyn waarneming maak die verhaal geloofwaardig.<br>• Die leser leer Hanna se gedagtes en gevoelens ken.<br>• Hanna kan nie die ander karakters se gevoelens/gedagtes beleef nie; dus verhoog dit die spanning.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.8 | • In 2016 het mans en vrouens nie meer eintlik verskillende geslagsrolle nie./Daar is nie meer eintlik iets soos manswerk en vrouewerk nie.<br>• Mans/seuns en vrouens/dogters hoef nie meer tradisionele geslagrolle te vervul nie.<br>• Mans/seuns en vrouens/dogters kan deesdae oor ʼn wye veld van aktiwiteite/sportsoorte deelneem.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 2.9.1 | dramaties | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.9.2 | positief | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.9.3 | afwesig | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.9.4 | talentvol | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.10 | • Dit is om die leser aan te spreek/te betrek.<br>• Hanna praat direk met die leser.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.11 | humoristies | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.12 | • Dit het baie gereën.<br>• Die water in die rivier (by die drif) het opgestoot.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.13 | Die groep het …<br>• geskree.<br>• gespring .<br>• ŉ vlag van (Margot se) onderklere gemaak.<br>• Margot se onderklere aan die stok rondgeswaai.<br>• Beyers se trui (oor die punt van ŉ stok getrek om) as noodvlag te gebruik.<br>• met hulle arms gewaai.<br>(Enige DRIE) | (3) | 2 |
| | | | |
| 2.14 | A/selfbeeld | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.15 | D/eksoties | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.16 | Hanna was ontevrede met …<br>• (die gaping tussen haar) tande.<br>• haar vel/puisies.<br>• (muisvaal) hare<br>• (lelike) voete.<br>• (die grootte van haar) borste.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.17 | • Hanna het haar eie lewe al hoe meer aanvaar.<br>• Daar het baie dramatiese dinge in Hanna se eie lewe op Botterberg gebeur.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.18 | Ja.<br>• Die Fabienne-stories het gehelp om Hanna se verbeelding aan my bekend te stel.<br>• Die Fabienne-stories was dramaties/daar was aksie/ verskillende storielyne.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Die Fabienne-stories was onrealisties.<br>• Die Fabienne-stories het die hoofstorielyn telkens onderbreek.<br>• Die Fabienne-stories het my deurmekaar gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.19 | • Daar kan 'n gelukkige einde vir ongelukkige tieners wees.<br>• Stiefma's en stiefpa's aanvaar stiefkinders.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.20.1 | C/Beyers | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.20.2 | F/Sharon | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.20.3 | D/Margot | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.20.4 | B/Gavin | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.20.5 | A/Luke | (1) | 2 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | professor Van Keulen se blyplek | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.2 | • Ryna se man was betrokke by onwettige dinge/dwelms.<br>• Iemand het Ryna-hulle se huis aan die brand gesteek.<br>• Ryna se man is dood.<br>• Ryna se kind is dood.<br>• Ryna se man/Vincent het Ronnie (na bewering) geskiet.<br>• Ryna se hele lewe het inmekaargestort./Sy was in 'n inrigting vir sielkundige behandeling.<br>(Enige DRIE feite) | (3) | 2 |
| | | | |
| 3.3 | • Jacob het gedink die persoon wat Meeuland toe kom, was 'n man.<br>• Jacob het gedink die persoon sou net vir drie dae Meeuland toe kom (nie drie jaar nie).<br>(TWEE verkeerde idees) | (2) | 2 |
| | | | |
| 3.4 | Elsabet | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.5.1 | • Ryna het self al seergekry.<br>• Ryna het met dieselfde seer in haar oë geloop.<br>• Omdat Ryna seergekry het, was sy sensitief vir 'n ander persoon se pyn.<br>• Die seerkry het baie duidelik in Ant Hansie se oë gelê.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.5.2 | • Jacob se hartseer (Marietjie/Elsabet) was Ant Hansie se hartseer.<br>• Ant Hansie se man was met verkeerde dinge (smokkel van rooi koekies) deurmekaar.<br>• Ant Hansie moes toekyk hoe Attie sy kind alleen grootgemaak het.<br>• Ant Hansie het Elsabet se hartseer/eensaamheid op Meeuland raakgesien.<br>(Enige TWEE: Aanvaar voorbeelde) | (2) | 1 |
| | | | |
| 3.6.1 | E/op Salamanderbaai aangekom het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.6.2 | D/Ant Hansie vir die eerste keer ontmoet het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.6.3 | F/en Jannerik saam ŉ boom geplant het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.6.4 | C/Stellenbosch besoek het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.6.5 | A/Meeuland moes verlaat. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.7 | Ja.<br>• Elsabet kon die huis/blyplek laat skoonmaak het.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Elsabet is nie verantwoordelik vir Ryna nie.<br>• Elsabet was nie in beheer van Meeuland nie.<br>• Elsabet wou niemand anders op Meeuland gehad het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.8.1 | • Jacob het Ryna onwelkom laat voel.<br>• Ryna het gevoel dat Jacob haar geoordeel het sonder om haar te ken.<br>• Ryna het gedink dit was onprofessioneel om haar oor die radio te bespreek.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.8.2 | uiterlike | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.9 | • Ryna het alles (man, kind, huis en identiteit) verloor.<br>• Ryna het met ŉ nuwe naam op Meeuland aangekom.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.10 | Daar was geen ander heenkome nie./Kinnie was dood en Jannerik was die oupa./Ousanna moes ingaan vir ŉ operasie/kon nie die baba versorg nie.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.11 | • Hulle het mondelings ooreengekom/saam ŉ belofte gemaak/saamgestem oor dit wat daar gebeur het.<br>• Hulle het nie ŉ skriftelike kontrak gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 3.12.1 | gepraat | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.12.2 | versorg | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.12.3 | gejok | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.12.4 | gehaat | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.13 | B/wekkertjie | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.14 | Ek kan by Ryna geleer dat …<br>• ŉ mens onvoorwaardelik moet liefhê.<br>• jy vir iemand hoop moet gee.<br>• jy in goeie en slegte tye by mense moet staan.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.15 | Ryna kon weer …<br>• vir ŉ kind sorg.<br>• ma wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.16 | • Skalla het Jacob se meisie (Marietjie) verkrag.<br>• Skalla was die oorsaak dat Marietjie in ŉ inrigting beland het.<br>• Skalla het Janka geskiet.<br>(Enige TWEE) | (2) | 1 |
| | | | |
| 3.17 | • Fred het vir Jacob ŉ advokaat aanbeveel.<br>• Fred het aangebied om die regskoste te betaal.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.18 | Ryna het vir Fred vertel dat Janka Fred se/sy kind was. | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.19 | D/sy wou naby Jacob wees. | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.20 | Ek het …<br>• haar liefde vir haar medemens waardeer.<br>• haar omgee vir iemand anders se kind waardeer.<br>• haar respek vir ander mense waardeer.<br>• haar onselfsugtigheid waardeer.<br>• haar moed om oor te begin.<br>• haar uithouvermoë.<br>• van haar deernis met ander se pyn gehou.<br>• dit waardeer dat Ryna by die mense vir wie sy lief was, gestaan het.<br>• van haar vergifnis van ander mense gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.21 | • Dit het die roman interessant gemaak.<br>• Dit het spanning opgebou/behou/die leser laat wonder.<br>(Enige EEN) | (1) | 5 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** | |

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | (Na) Nyanga (toe) | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.2 | verwerp | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.3 | Poppie het reg gekies deur by haar man te bly.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.4 | • Poppie het na haar mama en haar broers verlang.<br>• Poppie het alleen in die straat agtergebly./Al die huise rondom Poppie was platgeslaan.<br>• Poppie is al gevang./Poppie moes al met die vangwa polisiestasie toe gaan.<br>(DRIE feite) | (3) | 2 |
| | | | |
| 4.5 | Ouma Hannie/Poppie se ma se ma/Poppie se (eie) ouma | (1) | 1 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.6 | • Mama was bereid om baie mense in haar huis te versorg.<br>• Mama was bereid om haar tyd op te offer om Poppie se kind te versorg.<br>• Mama was bereid om die konflik tussen Poppie en Mbatane te hanteer.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 4.7 | B/kwekery | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.8.1 | • Mama se eie kleinkind/Vukile is dood.<br>• Mama het nou self een van die mense geword wie se kleinkind dood is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.8.2 | Ja.<br>• Die kinders was ongelukkig oor die onderrig in Afrikaans.<br>• Die onderrig in Afrikaans was onbillik/is op die kinders afgedwing.<br>• Die kinders was ongelukkig oor die migrants wat die drank verkoop het.<br>• Die kinders was ongelukkig oor die ouers wat gedrink het in plaas van om vir hulle te sorg.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Opstand is nie ŉ manier om konflik op te los nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.9.1 | • Jakkie het politieke opstand aangehits/leier geword.<br>• Jakkie het nie na die polisie geluister nie.<br>• Jakkie was aggressief.<br>• Jakkie was kwaad.<br>• Jakkie het saam met die kinders teen die onreg baklei.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.9.2 | • Poppie wou nie betrokke raak nie.<br>• Poppie het meer gehad om te verloor.<br>• Poppie was meer passief/onderdanig/moeg baklei.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.10 | A/leier | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.11.1 | ouers | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.11.2 | migrants | (1) | 2 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.11.3 | polisie | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.11.4 | city borners | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.12 | Comrades | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.13.1 | • Jakkie het van die polisie gevlug.<br>• Jakkie het Poppie se kinders by sy stryd betrek.<br>• Jakkie het veroorsaak dat Mama en Baby in die tronk gestop is.<br>• Jakkie het verdwyn.<br>• Jakkie het die polisieman geskiet.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 3 |
| | | | |
| 4.13.2 | Jakkie sou goed inpas, want party jongmense …<br>• is betrokke by verkeerde dinge.<br>• kom in opstand teen reëls.<br>• gee vir hulle ouers bekommernisse.<br>• tree in opstande ook vandalisties op.<br>• baklei vir hulle regte.<br>• baklei teen onderdrukking.<br>• respekteer nie volwassenes nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.14 | vrede | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.15.1 | In 1960 het die grootmense/volwassenes/ouers✓ en in 1976 het die kinders/jeug✓ aan opstande deelgeneem. | (2) | 1 |
| | | | |
| 4.15.2 | Jakkie het gestaan en lag (toe die polisie vir Plank uit die hoenderhok gejaag het).<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.15.3 | Plank was dronk/het te veel gedrink. | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.16.1 | C/Dit dui aan met wie gepraat word. | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.16.2 | A/Dit dui die atmosfeer aan. | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.16.3 | E/Dit dui aan hoe die dekor gebruik word. | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.16.4 | B/Dit dui aan wat die handeling is. | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.16.5 | F/Dit dui die karakter se emosie aan. | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.17 | • ŉ Mens kan soms niks aan jou situasie doen nie./ŉ Mens moet jou omstandighede aanvaar.<br>• ŉ Mens moet jou geloof behou.<br>• ŉ Mens kan nie altyd verantwoordelikheid aanvaar vir wat ander doen nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | **[35]** | |

**VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Hendrik | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.2 | B/verlate | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.3.1 | Manuel | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.3.2 | Die polisie het …<br>• ŉ nartekening gesien.<br>• ŉ Joker-kaart-tekening gesien.<br>• ŉ tekening van ŉ reuseslang.<br>• ŉ tekening van ŉ draak/hond wat vuur spoeg, gesien.<br>• ŉ swart doek gesien.<br>• leeutande gesien.<br>• ŉ bobbejaan se kopbeen gesien.<br>• die vuur se oorblyfsels gesien.<br>OF<br>• die tekeninge op die muur gesien.<br>• vreemde dinge sien rondlê.<br>(Enige DRIE) | (3) | 2 |
| | | | |
| 5.4.1 | Die sirkus(trein) | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.4.2 | Hendrik was woedend/ontsteld oor die trein/wou die trein weghê (omdat hy nie in kennis gestel is van die trein nie)✓ terwyl Willem opgewonde/nuuskierig oor die trein was/ wou kort-kort nadergaan.✓<br>(2 punte of 0. VERSKIL moet aangedui word) | (2) | 2 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.5.1 | Ja.<br>• Hendrik moes die spoorweg se eiendom beskerm het.<br>OF<br>Nee.<br>• Hendrik het nie eers vir Sollie gegroet/homself voorgestel nie.<br>• Hendrik het sommer dadelik begin skel.<br>• Hendrik het nie eers probeer uitvind wat hulle daar maak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 5.5.2 | • Sy het nie die sirkusmense geken nie.<br>• Dis gevaarlik om meisie-alleen tussen vreemde mans te beweeg.<br>• Bertie sou nie 'n vrou sien en uitlos nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 5.6.1 | Frans | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.6.2 | • Hendrik was bekommerd dat die boer Katrien sou wegvat.<br>• Hendrik was bekommerd dat Katrien van al die aandag sal hou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.6.3 | • Daar was nooit vir Katrien iemand anders buiten Hendrik nie.<br>• Vir Katrien was Hendrik haar enigste liefde.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.7 | D/die kerk as baie belangrik beskou is en die kerkleiers baie invloed in die dorp gehad het. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.8 | Vir Hendrik, omdat …<br>• hy alleen was.<br>• Katrien nie vir Hendrik goed behandel het nie.<br>Vir Katrien, omdat …<br>• sy eensaam/gefrustreerd was.<br>• Hendrik haar nie verstaan het nie.<br>Vir Willem, omdat ...<br>• hy nie kon praat nie/die kinders hom gespot het..<br>Vir Emma, omdat ...<br>• sy gesukkel het met verhoudings/haar pa Nollie aan haar probeer afsmeer het/niemand oor gevoelens gepraat het nie.<br>Vir Manuel, omdat ...<br>• hy geskiet is.<br>Vir Nollie, omdat ...<br>• Emma nie in hom belanggestel het nie.<br>Vir Frans, omdat ...<br>• die vrou vir wie hy lief was, was al getroud.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.9.1 | gefrustreerd | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.9.2 | nuuskierig | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.9.3 | geduldig | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.9.4 | verbaas | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.10 | Die motorligte het veroorsaak dat Hendrik nie kon sien wie in die motors was nie/die mense in die motors se motief was onduidelik. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.11 | (By die) (Volstruis)dans | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.12 | Ja.<br>• Hendrik wou hulle beskerm.<br>• Hendrik wou hulle vernedering/seerkry spaar.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Hendrik wou wys hy was in beheer/baasspeel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 5.13 | Katrien en Emma se optrede wys dat lede van die gesin moet saamstaan/mekaar moet ondersteun.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 5.14.1 | • "Die spul" het die McDonalds met tamaties/eiers gegooi/verdryf.<br>• (Die jongmense/Jan Mol het) die McDonalds se motor met klippe gegooi.<br>• "Die spul" het die McDonalds sleg behandel/weggejaag van die dans af.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.14.2 | • Hulle het skinderstories oor die McDonalds versprei.<br>• Hulle het snags klippe op hulle huis se dak gegooi.<br>• Hulle het ruite van die huis stukkend gegooi.<br>• Die skoolkinders het vir Willem gekoggel.<br>• Hulle het die gesin op die dorp aangestaar.<br>• Hulle het op die gesin kom spioeneer.<br>(Enige TWEE) | (2) | 2 |
| | | | |
| 5.15 | Hendrik het …<br>• hulle vergewe/die verlede agtergelaat.<br>• nie teenoor die mense opgetree soos wat hulle teenoor hom opgetree het nie.<br>• die mense gasvry/kalm ontvang.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.16.1 | C/Dit dui die ruimte aan. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.2 | E/Dit dui die kameraskoot aan. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.3 | D/Dit dui 'n nuwe toneel aan. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.4 | F/Dit dui op emosie. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.5 | B/Dit dui aan wat die karakter moet doen. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.17 | die verhoudings in die gesin begin regkom het. | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.18 | • geluk<br>• tevredenheid<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** | |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

***STORIEJOERNAAL***

**"DIE STORIE VAN PIET SE OUPA" – AH de Vries**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.1 | C/Matthys | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.2 | • Oupa het van 'n besige lewe gehou.<br>• Vir Oupa was die plaas te stil.<br>• Oupa het gehou van 'n sosiale lewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.3 | Oupa kon dan so sit dat hy na die (ryk) vrouens kon kyk. | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.4 | • Oupa het te veel geloop.<br>• Oupa het 'n hoofpynpoeier/hoofpynpoeier en brandewyn/doppie gedrink.<br>• Oupa se hart.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.5 | • Trudie wou weet waar Oupa was.<br>• Oupa het op die vloer/grond gelê.<br>• Daar was ʼn verpleegster wat kon help.<br>• Hulle het Oupa na die ruskamer/kelners se kamertjie gevat.<br>• Die verpleegster het Oupa se polsslag gevoel/hom probeer bybring.<br>• Doon moes die eienaar gaan roep het.<br>• Die verpleegster het gesê dat hulle Oupa verloor het./ Dit was Oupa se hart.<br>• Die verpleegster het die ambulans gebel.<br>• Die ambulansman het vir Oupa by die sydeur uitgeneem.<br>• Trudie het die vleis/ʼn worsie in ʼn servet toegedraai.<br>(Enige DRIE) | (3) | 2 |
| | | | |
| 6.6.1 | C/Matthys | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.6.2 | E/Doon | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.6.3 | A/Trudie | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.6.4 | B/dokter | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.6.5 | D/Oupa | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.7 | • Die voertuig het rondgeskud.<br>• Die ambulansman het vinnig op die ongelyke pad gery.<br>(TWEE feite) | (2) | 2 |
| | | | |
| 6.8 | Die dokters moes toetse op hom doen. | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.9 | Hoe lekker die "mixed grill"/vleis/kos gesmaak het. | (1) | 1 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.10 | • Oupa✓, want …<br>hy is al 80, maar tree soos ŉ jong man op. ✓<br>• Trudie✓, want …<br>ten spyte van haar hartseer oor Oupa, het sy die kos in ŉ servet toegedraai.✓<br>• Ambulansman✓, want …<br>hy behoort skok/krisisse te kan hanteer en behoort nie flou te val nie./Bestuurder van die ambulans✓, want …<br>hy het weggehardloop. ✓<br>• Doon✓, want ...<br>hy het verskonings uitgedink om weg te kom van die huis af. ✓<br>• Weduwee✓, want ...<br>sy bloos/verwys na die vry kamer. ✓<br>(EEN punt vir die karakter en EEN punt vir die rede. Indien slegs karakter genoem word, verdien die kandidaat EEN punt; korrekte REDE verdien ŉ tweede punt) | (2) | 4 |

**"DIE PAKKIE" – Leonard Koza**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.11 | In Manenberg ~~In die Kaap~~ | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.12 | • Sally kon nie altyd weet of Esther veilig was nie.<br>• Esther kon maklik aan dwelms verslaaf geraak het.<br>• Esther kon betrokke geraak het by die dwelms./ Mense het met dwelms gesmokkel in die woonbuurt.<br>• Esther se skoonheid kon ook ekstra probleme veroorsaak het.<br>• Dit was ŉ gevaarlike woonbuurt/daar was bendes in die woonbuurt.<br>• Baie kinders het die skool (vroeg) verlaat.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 6.13 | B/uitgevind het wat regtig in die pakkie was. | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.14 | • (Esther het vir haar ma gesê) dat dit ander se besigheid/goed was.<br>• (Esther het vir haar ma gesê) dat dit gevaarlike goed was.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.15 | • Die seun het soos ŉ skelm opgetree.<br>• Die seun het skelm/oneerlike goed gedoen.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.16 | Dwelms/"buttons"/mandrax | (1) | 1 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | moord | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.17.2 | dwelms | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.17.3 | bendes | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.17.4 | familie | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.18 | • (Hulle was bang) die polisie/vreemde mense sou/het die pakkie kry.<br>• (Hulle was bang), want die pakkie was baie geld werd.<br>• Hulle het geweet dat hulle nie in daardie omgewing besigheid moes gedoen het nie.<br>(Enige EEN rede) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.19.1 | Sally het vir Pang opgepas toe hy ŉ kind was (en sy ma gewerk het)/was soos sy ma. | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.19.2 | sentimenteel | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.20 | bang vir niks | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.21 | • Esther moenie by dwelms betrokke raak nie.<br>• Esther moenie vreemde pakkies by vreemde mense vat nie.<br>• Esther moet eerlik met haar ma wees.<br>• Esther moenie by bendes betrokke raak nie.<br>• Esther moet meer soos haar ma wees.<br>• Esther moet met die regte mense assosieer.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 6.22 | • Die pakkie staan sentraal in die storie.<br>• Die kortverhaal handel oor die probleme wat die pakkie veroorsaak het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

### VRAAG 7: "THINGS THAT GO BUMP IN THE NIGHT" – Rosa Keet

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.1 | C/kwaad vir | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.2 | Die spreker was bang vir die …<br>• huis vol geluide.<br>• (onbekende) voetstap.<br>• (naaldekoker)straatlig.<br>• jas aan die kapstok/'n man sonder bene.<br>• stofsuierslang/stofsuier se pyp.<br>(Enige DRIE) | (3) | 2 |
| | | | |
| 7.3 | verbeelde | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.4 | "donker" | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.5 | slaap | (1) | 2 |
| | | | |
| 7.6.1 | enjambement | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.6.2 | vinniger | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.7 | • Die blare het skaars beweeg.<br>• "deur skaars bewegende blare"<br>(Enige EEN) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.8 | "vaak"<br>(EEN WOORD) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.9.1 | B/Die spreker was moeg, maar het nie tot rus gekom nie. | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.9.2 | A/Die spreker kon nie ophou bang wees nie. | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.10 | • Daar is nie 'n vaste rympatroon nie.<br>• Leestekens ontbreek.<br>• Daar is nie hoofletters in die gedig nie.<br>• Die **herhaling van klank/halfrym** word as 'n **verbindingsmiddel** gebruik.<br>• Reëls verskil in lengte./Onreëlmatige tipografie.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |
| | | | |
| 7.11 | • Dit maak die gevoelens van vrees meer intens.<br>• Dit is 'n persoonlike ervaring/belewenis.<br>• Dit maak die gedig geloofwaardig/persoonlik.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.12 | • Die tema van die gedig is vrees/bangwees ✓ En die titel verwys na geluide/dinge wat jou bang maak.✓<br>• Altwee handel oor bangwees.✓✓<br>(Of soortgelyk. TEMA en TITEL moet genoem. 2 punte of 0.) | (2) | 3 |

**"WIE'S HY?" – Adam Small**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.13 | • (Na die) digter/poet<br>• Na enige persoon (ook die djulle) wat dig<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.14 | • Die poet/digter het stilte daar gehad/kon ongestoord daar werk/kon daar dink.<br>• Die poet/digter kon in afsondering/weg van die huismense af, werk.<br>• Dit is waar sy pen en ink is/hy gemaklik kan skryf.<br>• Dit is waar hy gewoonlik skryf/hy tuis voel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.15 | A ~~het~~ baie oor die digter te sê gehad. | (1) | 2 |
| | | | |
| 7.16.1 | gewone | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.16.2 | kreatiewe | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.17 | • Dit staan alleen in 'n reël/alleenplasing/enigste woord in die reël.<br>• Dit is die eerste woord van die strofe.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.18.1 | figuurlik | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.18.2 | • Dit beteken dat iemand vinnig 'n antwoord gereed gehad het.<br>• Jy kan nie regtig/letterlik jou bek verkoop nie.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 7.19 | (Die aksentteken) beklemtoon (die woord). | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.20 | Paarrym | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.21.1 | D/ʼn herhaling | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.21.2 | C/ʼn uitroepteken | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.21.3 | A/ʼn vraag | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.22 | • Op straat/in die straat<br>• In die openbaar<br>• Enige plek waar die "djulle" is.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.23 | • Dis in die taal geskryf waarin die mense praat.<br>• Dit is soos die "djulle" praat.<br>• Die spreker is ʼn Kaapse bruinmens/man.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.24 | Hierdie gedig behoort ʼn leser te wys dat …<br>• enige gewone mens ook ʼn digter kan wees.<br>• jy op enige plek ʼn digter kan wees.<br>• digterskap nie so eksklusief/moeilik is nie.<br>• ʼn mens in enige taalvariant gedigte kan skryf.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** | |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** | |